

23.2 RAPPORT 2 – DEPUTATE GEREFORMEERDE PUBLIKASIES – TOTIUSFONDS (Artt 166, 172, 260, 261)

23.2 REPORT 2 – DEPUTIES REFORMED PUBLICATIONS – TOTIUS FUND (Arts 166, 172, 260, 261)

- A. Dr GJ Meijer stel die Rapport.
Dr GJ Meijer tables the Report.
- B. **Besluit:** Punte 3.4 en 3.5 word verwys na Kommissie Media Publikasie.
Decision: Points 3.4 and 3.5 referred to Commission Media Publication.
- C. Ds HB Hattingh rapporteer namens Kommissie Media Publikasie.
Rev HB Hattingh reports on behalf of Commission Media Publication.

D. RAPPORT / REPORT

1. Opdrag	1. Mandate
1.1 Die opdrag is vervat in die Reglement van die Totiusfonds (Acta 1982:226-227 asook Acta 2006:756-758). Die beheer van Psalmboek-voorrade asook die beheer oor die Totiusfonds berus by Deputate Gereformeerde Publikasies (DGP). Die administrasie daarvan word namens die Deputate deur die Administratiewe Buro behartig.	1.1 The mandate is included in the regulations of the Totius Fund (Acta 1982:226-227 as well as Acta 2006:756-758). The control of the Psalter-stock as well as control of the Totius Fund lies with the Deputies Reformed Publications (DRP). The administration of which is done for the Deputies by the Administrative Bureau.
1.2 Dat die CJBF-deputate (Totiusfonds) in oorleg met die Deputate Liturgiese Sake (DLS) voortgaan met die uitgee van die Psalmboek (Acta 2012:416, 2.3 en Acta 2012:433, 3.4).	1.2 That the CJBF-deputies (Totius Fund) in collaboration with the Deputies Liturgical Matters (DLM) continue with the publication of the Psalter (Acta 2012:416, 2.3 and Acta 2012:433, 3.4).
1.3 Om aandag te gee aan die bladuitleg van die Psalmboeke en Koraalboek.	1.3 To pay attention to the page layout of the Psalter and Choral book.
1.4 Die Deputate moet in samewerking met DLS in kontak bly met Bybel-Media (BM) oor die uitgee van die Psalmboeke en toesien dat al die nodige regte nagekom word.	1.4 The Deputies in collaboration with the DLM must remain in contact with Bible-Media (BM) concerning the publication of Psalters and must ensure that all rights are adhered to.
1.5 'n Psalmboektoepassing moet vir slimfone ontwikkel word.	1.5 The Psalter application for smartphones must be developed.
1.6 Uitgebreide Skrifverwysings by Belydenisskrifte moet opgeneem word in heruitgawes van Psalmboek.	1.6 Extended Scripture references with the Creeds must be added to the reissue of the Psalter.
1.7 Om Belydenisskrifte, Formuliere en Gebede wat deur Deputate Leerstellige Sake voorsien word in die Psalmboeke te publiseer.	1.7 To publish the Creeds, Forms and Prayers which the Deputies Dogmatic Matters provide for the Psalter.
Besluit: Punte 1 tot 1.7 kennis geneem.	Decision: Points 1 to 1.7 noted.
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	2. Matters that the Synod take note of
2.1 <i>Druk van Psalmboeke</i>	2.1 <i>The publish of Psalters</i>
2.1.1 <u>Publikasieregte:</u> Die Deputate het 'n regskenner genader vir advies	2.1.1 <u>Publishing rights:</u> The Deputies consulted a legal expert for advice

<p>rakende publikasieregte. Die publikasieregte van die 1936-beryming is verder met die hoof van Bybel-Media (B-M) bespreek en daar is ooreengekomm dat die regte by BM bly.</p>	<p>concerning publication rights. The publication rights of the 1936-versification were discussed further with the head of Bible-Media (B-M) and it was agreed that the rights remain with B-M.</p>
<p>2.1.2 Navrae: Daar was verskeie navrae vanuit die kerke aan die Administratiewe Buro gerig rakende die Psalmboeke se beskikbaarheid en formate. Die noodsaak van die druk van die Swart Psalmboek is opnuut beklemtoon en die Deputate het dringend aandag gegee aan die herdruk daarvan.</p>	<p>2.1.2 Enquiries: Various enquiries regarding the formats and availability of the Psalter was received by the Administrative Bureau. The importance of the reprint of the black Psalter was emphasized and the Deputies paid urgent attention to the reprinting thereof.</p>
<p>2.1.3 Herdruk swart Psalmboek: Vanweë die dringende behoefte, maar ook tegniese probleme by die drukkers, was die Deputate genoodsaak om die 2009-Psalmbok met die aanbring van 6 korreksies te laat herdruk.</p>	<p>2.1.3 Reprinting Black Psalter: Due to the urgent need, as well as technical difficulties with the printers, the Deputies were forced to reprint the 2009-Psalter with six corrections.</p>
<p>2.1.4 Gebruik van Psalms: Verskeie organisasies het aansoek gedoen vir die gebruik van die 1936-beryming of gedeeltes daarvan. In al die gevalle waar outeursregte gehonoreer word is toestemming verleen.</p>	<p>2.1.4 Use of Psalms: Various organizations also applied for the use of the 1936-versification or parts thereof. In all instances where author rights were honoured, permission was granted.</p>
<p>2.1.5 Groen Psalmboek: Die Deputate het deurlopend in oorleg met Deputate Liturgiese Sake aandag gegee aan die druk van die Groen Psalmboek met nuwe bywerkings. Die bywerkings vir die Groen Psalmboek is in Maart 2017 van DLS verkry en met die uitgewers (B-M) bespreek. Daar is groot uitdagings rakende die Groen Psalmboek se meesterteks aangesien die mees gesikte teks verlore geraak het in 'n brand by die destydse drukkers. Dit het aan die lig gekom dat die uitgewers na alle waarskynlikheid nie net die nuwe goedgekeurde liedere wil set nie, maar dat hulle al die Psalms, Skrifberyminge en Skrifgetroue liedere wil herset. Dit gaan die druk van die Groen Psalmboek heelwat vertraag.</p>	<p>2.1.5 Green Psalter: The Deputies have given attention to the printing of the Green Psalter with new updates in collaboration with the Deputies Liturgical Matters. The updates for the Green Psalter were received from the DLM in March 2017 and discussed with the printers (B-M). Major challenges concerning master copy of the Green Psalter exist as the most suitable text was lost in a fire at the previous printers. It has become apparent that the publishers probably would want to reset all of the Psalms, Scripture versifications and Scripture true hymns. This will greatly delay the printing of the Green Psalter.</p>
<p>2.1.6 Rubrisering: Dit het verder gebly vanuit gesprekke met die NG Kerk en NH Kerk dat hulle die opeenvolgende nommering van liedere behou en die rubrisering as 'n Bylae agter in die Liedboek publiseer. Die Deputate oordeel dat die nuwe rubrisering van liedere as aparte Bylae in die Psalm-</p>	<p>2.1.6 Classification: From discussions with the NG Kerk and NH Kerk it became clear that they keep with the sequential numbering and print the classification as an Addendum in the back of the <i>Liedboek</i>. The Deputies are of the opinion that the new classification of the Hymns must be added to the new</p>

<p>boeke opgeneem moet word eerder as dat die liedere in nuwe rubriekie opgedeel en genommer word. <u>Motivering:</u> die nuwe nommering van die liedere gaan verdere verwarring skep aangesien daar gevvolglik 3 stelle nommers vir Skrifberyminge en Skrifgetroue liedere in die kerke sal wees. Rubrisering bly altyd subjektief en kan daarom weer verander word. Boonop is setkoste besonder hoog.</p>	<p>psalters as a separate Addendum rather than renumbering and reordering the Hymns according to new classifications. <u>Motivation:</u> The new numbering of the Hymns will create further confusion as there will be three sets of numbers for the Scripture Versifications and Script true hymns amongst the churches. Classification remains subjective and therefore can once again be changed. Furthermore, the cost of resetting is very expensive.</p>
<p>2.1.7 <u>Stoor van meesterkopie:</u> B-M het toegestem om kopieë van die Psalmboeke se meestertekste beskikbaar te stel vir storing.</p>	<p>2.1.7 <u>Safe keeping of the master copy:</u> B-M has agreed to provide copies of the master copy of the Psalters for safe keeping.</p>
<p>2.2 <i>Psalmboektoepassing vir slimfone</i> 2.2.1 Ondersoek is gedoen na die interne ontwikkeling en beskikbaarstelling van 'n Psalmboektoepassing vir slimfone. In die lig van die publikasieregte en tegniese uitdagings is besluit dat - BM die toepassing sal ontwikkel en beskikbaar stel.</p>	<p>2.2 <i>Psalter application for smartphones</i> 2.2.1 Research was done regarding the internal development and release of a Psalter application for smartphones. Taking into account the publication rights and technical challenges, it was decided that B-M will develop and release the application</p>
<p>2.2.2 'n Psalmboektoepassing vir Apple en Android bedryfstelsels is gratis beskikbaar gestel wat die totale teks van die Swart Psalmboek bevat. Musieknote is egter nie ingesluit om die leesbaarheid op slimfone te vergemaklik. Die toepassing sal van tyd tot tyd opgedateer en verbeter word en is gratis beskikbaar op Playstore (Android) en Appstore (Apple).</p>	<p>2.2.2 A Psalter application for Apple and Android which contains the complete text of the black Psalter book was released free of charge. Music notation was not included in order to ease the readability on smartphones. The application will be updated from time to time as well as improved and is available free from Playstore (Android) and Appstore (Apple).</p>
<p>2.2.3 Sodra die geskikte teks van die Groen Psalmboek elektronies beskikbaar raak by BM sal 'n toepassing daarvoor ook beskikbaar gestel word.</p>	<p>2.2.3 As soon as the appropriate text of the Green Psalter is available electronically with BM, an application will be released thereof.</p>
<p>2.2.4 Die kerke is per e-pos in kennis gestel van die Psalmboektoepassing asook van die redes vir die vertraging van die toepassing vir die Groen Psalmboek.</p>	<p>2.2.4 The congregations have been informed of the Psalter application as well as the reasons for the delay of the application for the Green Psalter.</p>
<p>2.3 <i>Liederebundels in ander tale</i></p>	<p>2.3 <i>Hymnals in other languages</i></p>
<p>2.3.1 Afgevaardigdes van DGP het verskeie kere saam met DLS vergader en is deeglik bewus van die nood aan liederebundels in ander landstale as Afrikaans.</p>	<p>2.3.1 Delegates of the DRP have met many times with the DLM and are aware of the need of hymnals in other official languages, other than Afrikaans.</p>
<p>2.3.2 Daar is heelwat uitdagings betreffende die melodieë en wyse van notering.</p>	<p>2.3.2 There are challenges regarding the melodies and method of notation.</p>
<p>2.3.3 Slegs liedere wat goedgekeur is deur die Algemene Sinode of Sinodes van uit die vorige bedeling behoort gepub-</p>	<p>2.3.3 Only hymns approved by the General Synod or Synods of the previous order should be published.</p>

<p>lisser te word.</p> <p>2.3.4 Die Reglement van die Totius-fonds bepaal dat befondsing net toegestaan kan word aan liederebundels wat die 1936-beryming bevat.</p> <p>2.4 <i>Versoek van Gereformeerde Kerke in die Demokratiese Republiek van die Kongo</i></p> <p>2.4.1 Die Deputate het 'n versoek van Gereformeerde Kerke in die DRK ontvang vir 'n vertaling van die Nederlandse Geloofsbelijdenis in Tshiluba.</p> <p>2.4.2 Die Deputate kan nie buite die Reglemente van die betrokke fondse optree en daarom kan die drukwerk nie vanuit hierdie fondse gedoen word nie.</p> <p>2.4.3 Daar is met GK Pretoria-Annlín ooreengekom dat hulle die projek sal bestuur en die kerke is ook per e-pos hiervan in kennis gestel.</p> <p>2.5 <i>Belydenisskrifte en uitgebreide Skrifverwysings by die Belydenisskrifte</i></p> <p>2.5.1 Daar is geen goedgekeurde nuwe vertaling van die Belydenisskrifte van Deputate Leerstellige Sake ontvang met die oog op publisering in die Psalmboek nie.</p> <p>2.5.2 Die uitgebreide Skrifverwysings by die Belydenisskrifte behoort in die volgende Psalmboeke wat gedruk gaan word te verskyn.</p> <p>2.6 <i>Bladuitleg van Koraalboek en Psalmboek</i> Geen werk is hieraan gedoen in die lig van die vertragings wat beleef is met die gereedmaak en druk van die Psalmboeke.</p> <p>Besluit: Punte 2.1 tot 2.6 kennis geneem.</p> <p>3. Sake waaroor die Sinode besluit</p> <p>3.1 Die Sinode benoem weer Deputate om uitvoering te gee aan die opdragte soos wat dit in die Totiusfonds-Reglement beskryf is, sowel as om aandag te gee aan al die sake wat in proses van behandeling is.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p> <p>3.2 Die te benoeme Deputate ontvang opdrag om in samewerking met Deputate Liturgiese Sake met Bybel-Media in kontak te bly oor die uitgee van die Psalmboeke en toe te sien dat al die nodige regte nagekom word.</p>	<p>2.3.4 The Regulations of the Totius fund stipulates that funding can only be granted to hymnals that contain the 1936-versification.</p> <p>2.4 <i>Request from the Reformed Churches in the Democratic Republic of the Congo</i></p> <p>2.4.1 The Deputies have received a request from the Reformed Churches in the DRC for a translation of the Belgic Confession in Tshiluba.</p> <p>2.4.2 The Deputies cannot function outside the Regulations of the specific fund and therefore the printing cannot be done from this fund.</p> <p>2.4.3 The GK Pretoria-Annlín has agreed to manage this project and the congregations have been informed about this by the e-mail.</p> <p>2.5 <i>Articles of faith and extended scripture references with the articles of faith</i></p> <p>2.5.1 No approved new translation of the Creeds was received from the Deputies Dogmatic Matters with the intention of publishing in the Psalter.</p> <p>2.5.2 The extended Scripture referenced with the articles of faith should appear in the next print of the Psalter.</p> <p>2.6 <i>Page Layout of the Choral book and the Psalter</i> No work was done in view of the delays that were encountered with the preparation and printing of the Psalters.</p> <p>Decision: Points 2.1 to 2.6 noted.</p> <p>3. Matters that the Synod decide on</p> <p>3.1 The Synod once again appoints Deputies to execute the assignments as the Totius fund Regulations stipulate as well as to pay attention to all matters awaiting finalisation.</p> <p>Decision: Approved.</p> <p>3.2 The Deputies-elect will receive the assignment to remain in contact with B-M, together with the Deputies Liturgical Matters regarding the publishing of the Psalter and to ensure that all rights required are adhered to.</p>
--	---

Besluit: Goedgekeur. 3.3 Die Deputate sien toe dat 'n slimfoontoepassing van die Groen Psalmboek beskikbaar raak en dra sorg dat die slimfoontoepassings van tyd tot tyd opgedateer word.	Decision: Approved. 3.3 The Deputies ensure that the smartphone application of the Green Psalter is released and take care that the smartphone applications are updated from time to time.
Besluit: Goedgekeur. 3.4 Die Sinode keur 'n fonds goed waaruit liederebundels, wat uit ander amptelike landstale as Afrikaans bestaan, be-fonds word. Deputate Gereformeerde Publikasies stel 'n Reglement vir die fonds op en hanteer die bestuur daarvan.	Decision: Approved. 3.4 The Synod approves a fund from which hymnals in other official languages than Afrikaans is funded. Deputies Reformed Publications draw up a Regulation for the fund and manages the fund.
Besluit: Verwys na Kommissie Media Publikasie. 3.5 Die Sinode bly by die huidige rubriek. Nuwe liedere word by die bekende rubrisering ingevoeg om verwarring te vermy. Die nuwe rubrisering kan as 'n bruikbare Bylae agter in die nuwe Psalmboeke gedruk word.	Decision: Referred to Commission Media Publication. 3.5 The Synod keeps to the present classification. New hymns are added to the known classification to prevent confusion. The new classification may be printed in the back of the new psalters as a useful Addendum.
Besluit: Verwys na Kommissie Media Publikasie.	Decision: Referred to Commission Media Publication.

E. AANVULLENDE RAPPORT / SUPPLEMENTARY REPORT

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem 1.1 <i>Afsterwe van br MC Erasmus</i> Die Deputate het met leedwese kennis geneem van die afsterwe van br MC Erasmus. Ook al was hy die laaste maande voor sy afsterwe baie siek, het hy steeds alles in sy vermoë gedoen om die Deputate in hulle werksamehede met raad en daad by te staan, veral wat betref die skakelwerk met die Administratiewe Buro.	1. Matters that the Synod take note of 1.1 <i>Passing of br MC Erasmus</i> The Deputies learned with regret of the passing away of br MC Erasmus. Although he was seriously ill in the months preceding his death, he continued to support the Deputies in their work with advice and input as much as possible – especially in terms of liaising with the Administrative Bureau.
1.2 <i>Totiusberymings van die Psalms – APK</i> Op versoek van die APK word aan hulle toestemming gee dat hulle tot 2021 die Totiusberymings van die 150 Psalms met enkele wysigings kan druk. Die toegewing word gemaak met die voorwaarde dat die APK voortaan saam met die GKSA aan 'n geykte 1936/37 Totiusteks van die berymde Psalms werk. Moeilike woorde en argaïsmes kan by wyse van voetnote verduidelik word. Aangesien die GKSA geen outeursreg op die melodieë het nie, staan dit die APK vry om hulle eie melodieë by die berymde Psalms te	1.2 <i>Totius versifications of the Psalms – APK</i> The request of the APK to print the Totius versifications of the 150 Psalms, with small revisions, until 2021 was granted. This concession is made upon the condition that the APK collaborate with the GKSA on a traditional 1936/37 Totius text of the versified Psalms. Unfamiliar words and archaisms can be explained via footnotes. Since the GKSA does not own copyright on the melodies, the APK is free to choose the melodies for the versified Psalms.

<p>voeg.</p> <p>Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.</p> <p>2. Sake waaroor die Sinode besluit Gee aan die te benoeme Deputate Gereformeerde Publikasies opdrag om saam met die APK te werk met die samestelling van die voetnotas by die argaïsmes en moeilik verstaanbare woorde van die 1936-beryming van die Psalms.</p> <p>Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).</p>	<p>Decision: Points 1.1 and 1.2 noted.</p> <p>2. Matters that the Synod decide on The next Deputies: Reformed Publications should be instructed to collaborate with the APK on formulating footnotes for archaisms and unfamiliar words in the 1936-versifications of the Psalms.</p> <p>Decision: Approved (amendment already added – Deputies Acta).</p>
---	---

F. RAPPORT 1 VAN DIE KOMMISSIE / REPORT 1 OF THE COMMISSION

<p>1. Opdrag Adviseer die Sinode rondom pt 3.4, 23.2 – Rapport 2 – Deputate Gereformeerde Publikasies – Totiusfonds.</p> <p>Besluit: Kennis geneem.</p> <p>2. Sake waarvan die Sinode kennis neem</p> <p>2.1 Volgens die Reglement van die Totiusfonds is sy doel soos volg: “Die doel van die Totiusfonds is om voorsiening te maak vir die uitgee van alle Psalmboeke (waarin die 1937-beryming vervat word) en Koraalboeke van die GKSA” (art 3, Reglement, Acta 2006:757).</p> <p>2.2 Inligting ingewin dui daarop dat ‘n belangrike doel van die fonds is ook om die 1937-beryming te beskerm. Dit word egter nie tans in die Reglement uitgespel nie.</p> <p>2.3 Ingevolge art 12 van die Reglement van die Totiusfonds kan die Reglement gewysig word.</p> <p>2.4 Die stig van nog ‘n fonds het finansiële en praktiese implikasies.</p> <p>2.5 Die moontlikheid is genoem dat fondse uit die Totiusfonds na ‘n nuwe fonds oorgedra word. Die Reglement maak egter nie daarvoor voorsiening nie.</p> <p>Besluit: Punte 2.1 tot 2.5 kennis geneem.</p> <p>3. Sake waaroor die Sinode besluit</p> <p>3.1 Die doel van die Totiusfonds is om te voorsien vir die publikasie van amptelike Psalmbundels en Koraalboeke van die GKSA.</p> <p>Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring).</p> <p>3.2 Dat die woorde in art 3 van die</p>	<p>1. Assignment Advise the Synod on pt 3.4, 23.2 – Report 2 – Deputies Reformed Publications – Totius fund.</p> <p>Decision: Noted.</p> <p>2. Matters that the Synod take note of</p> <p>2.1 According to the Regulations of the Totiusfonds, its goal is as follows: “The goal of the Totiusfonds is to provide for the publishing of Psalters (in which the 1937-beryming is included) and chorale books of the GKSA” (art 3, Regulations, Acta 2006:757).</p> <p>2.2 Information gained points to an important goal of the fund also being the protection of the 1937-beryming. It is currently not spelled out as such in the Regulations.</p> <p>2.3 In terms of art 12 of the Regulations of the Totiusfonds the Regulations can be modified.</p> <p>2.4 The creation of another fund has financial and practical implications.</p> <p>2.5 The possibility was mentioned that the funds from the Totiusfonds be carried over to a new fund. The Regulations however does not provide for this.</p> <p>Decision: Points 2.1 to 2.5 noted.</p> <p>3. Matters that the Synod decide on</p> <p>3.1 The goal of the Totiusfonds is to provide for the publication of official Psalters and Corale books of the GKSA.</p> <p>Decision: Approved (amendment already added – Deputies Acta).</p> <p>3.2 That the words in art 3 of the</p>
--	---

<p>Reglement wat tussen hakies staan, geskrap word, en dat die artikel hernoemmer word as art 3.1.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p> <p>3.3 Dat 'n nuwe pt 3.2 in die Reglement ingevoeg word: "3.2 Om die 1937-beryming te beskerm en te bemark".</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p>	<p>Regulations that is written in brackets, be deleted, and that the article is renumbered as art 3.1.</p> <p>Decision: Approved.</p> <p>3.3 That a new point 3.2 is added to the regulations which reads as follow: "3.2 To protect and market the 1937-beryming."</p> <p>Decision: Approved.</p>
--	--

G. RAPPORT 2 VAN DIE KOMMISSIE / REPORT 2 OF THE COMMISSION

<p>1. Opdrag Adviseer die Sinode oor pt 3.5, 23.2 – Rapport 2 – Deputate Gereformeerde Publikasies – Totiusfonds en pt 2.1, 22.2 – Rapport 2 – Deputate Liturgiese Sake.</p> <p>Besluit: Kennis geneem.</p> <p>2. Sake waarvan die Sinode kennis neem</p> <p>2.1 Die rubrisering van die Psalms, Skrifberymings en ander goedgekeurde liedere (22.2) is van onskatbare waarde.</p> <p>2.2 Die oorskakeling na die nuwe rubrisering in die groen Psalmboek het reeds met implementering verwarring veroorsaak, maar het intussen geyk geraak. Die nuwe styl van 'n dubbelnommer het dit vergemaklik. Om weer oor te skakel na 'n nuwe nummering in die dubbelnommer-styl sal dus nog meer verwarring veroorsaak. Die vervanging van die bestaande boeke sal ook nie koste-effektief wees nie.</p> <p>Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.</p> <p>3. Sake waaroer die Sinode besluit Dat op die volgende wyse gevolg gegee word aan die besluit van Sinode 2015 oor die rubrisering vir Psalms, Skrifberymings en ander liedere:</p> <p>3.1 Dat gehou word by die rubriek in die huidige groen Psalmboek.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p> <p>3.2 Dat nuwe goedgekeurde liedere by die bestaande rubrisering ingevoeg word.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p> <p>3.3 Dat die voorgestelde rubriek vir Psalms, Skrifberymings en ander liedere geïntegreer word en as Bylae by die Psalmboek bygevoeg word.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p> <p>3.4 Dat die rubriek vir die Heidelbergse Kategismus in die swart Psalmboek</p>	<p>1. Assignment Advise the Synod on pt 3.5, 23.2 – Report 2 – Deputies Reformed Publications – Totius Fund and pt 2.1, 22.2 – Report 2 – Deputies Liturgical Affairs.</p> <p>Decision: Noted.</p> <p>2. Matters that the Synod take note of</p> <p>2.1 The classification of the Psalms, Scripture-songs, and other approved songs (22.2) is valuable beyond measure.</p> <p>2.2 The changeover to the new classification in the green Psalter brought confusion at implementation stage, but has in the mean time become the standard. The new style of a double number made it easier. To now change over to a new numbering in the double-number-style will cause even more confusion. The replacement of the existing books will also not be cost-effective.</p> <p>Decision: Points 2.1 and 2.2 noted.</p> <p>3. Matters that the Synod decide on That in the following way provision is made for the decision of Synod 2015 regarding the rubrication of Psalms, Scripture-Songs, and other songs:</p> <p>3.1 That the classification in the current green Psalter is kept.</p> <p>Decision: Approved.</p> <p>3.2 That the new approved songs be added to the existing classification.</p> <p>Decision: Approved.</p> <p>3.3 That the proposed categories for Psalms, Scripture-songs, and other songs be integrated and added to the Psalter as an addendum.</p> <p>Decision: Approved.</p> <p>3.4 That the categories of the Heidelberg Catechism is added to the black Psalter</p>
---	--

bygewerk word en ook as Bylae in
albei Psalmboeke bygevoeg word.

Besluit: Goedgekeur.

and be added as an addendum in both
Psalters.

Decision: Approved.